# Wenners van die USBONS (Universiteit Stellenbosch se Basislyn Opname vir Nuweling Studente) kompetisie en gelukkige trekking.

Die USBONS word jaarliks tydens die verwelkomingstydperk afgeneem. Die opname, voorheen bekend as die Alfa Basislynvraelys (sedert 2002), is aan die einde van 2020 hersien. Kollegas van die Sentrums vir Besigheidsintelligensie, Studentevoorligting- en ontwikkeling en Studentegemeenskappe het nou hieraan saamgewerk.

Die USBONS se doel is hoofsaaklik om data in te samel ten einde ʼn aanvangsprofiel van ons nuwe kohort van inkomende eerstejaarstudente saam te stel. Inligting wat ingewin word, sluit onder andere algemene tydbesteding tydens hul laaste skooljaar, betrokkenheid by sosiale aktiwiteite, tegnologie voorkeure, gebruik en ervaring, persoonlike waardes en ambisies, redes omdat hulle gekies het om by die US te kom studeer, suksesverwagtinge, welweesgewoontes, faktore wat moontlik akademiese prestasie kan beïnvloed, en welstand in.

Die opname word deur die USBONS-span van die Sentrum vir Besigheidsintelligensie binne die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur bestuur. Lesers wat meer wil leer oor die USBONS kan vir Dr Alten du Plessis of Me Carla Kroon kontak.

Vanjaar het die USBONS-span verskeie uitdagings met die afneem van die opname beleef. Voorheen was die opname tydens die verwelkomingsprogram as deel van nuweling eerstejaars se fisiese bekendstelling aan die US se rekenaargebruikersareas voltooi. Die gemiddelde getal deelnemers per jaar oor die afgelope dekade was dus baie goed, ongeveer 3500. COVID het hierdie opsie vanjaar uitgeskakel en die span moes derhalwe ʼn klompie innoverende planne maak om die 2021 kohort te motiveer om deel te neem.

Die opname is onder andere via 'n massa e-posveldtog aan nuwelinge bemark, dis geïntegreer by die BeWell mentorstelstelsel en is ook ingesluit by 'n nuwe studente-ontwikkelingsinisiatief (die "Grow a Gritty HERO's Mindset" program) wat binne alle koshuise en PSO's van stapel gestuur is.

Kontantpryse is ook uitgeloof om nuwelinge te motiveer om deel te neem. Die USBONS-span is baie dankbaar vir die R8000 wat deur Prof Deresh Ramjugernat, Viserektor: Leer en Onderrig, beskikbaar gestel is vir hierdie doel. Kontantpryse is uitgeloof aan eerstejaars en die bes-presterende mentorgroep; aangesien mentors deurlopend tydens die verwelkomingstydperk eerstejaars touwys maak, het die span gereken hulle sou baie kon help om eerstejaars te oortuig om die opname te voltooi.

Die bemarkingsveldtog het op die einde vrugte afgewerp en die deelnamekoers in 2021 was baie bevredigend, soortgelyk as in die verlede, selfs effens beter.

Drie R1000 kontantpryse is aangebied vir eerstejaarstudente wat die vraelys volledig voltooi het. Die wenners is bepaal deur middel van 'n gelukkige trekking. Baie geluk aan Me Marietjie Visser, Me Kudzie Muzofa en Mnr Josh Niese – hulle verskyn in die meegaande foto.

Die res van die R8000 (R5000) is uitgeloof aan die koshuis of PSO wie se mentorspan die suksesvolste was in hulle poging om hul eerstejaarmentees te motiveer om aan die vraelys deel te neem. Die persentasie mentees binne elke koshuis en PSO wat die opname voltooi het, is bereken en is gebruik as basis om die prys toe ken. Tot die USBONS-span se verbasing het ʼn manskoshuis al die ander omgewings die loef afgesteek. ʼn Ongelooflike 84% van Helderberg se mentees het die vraelys voltooi en hulle is as wenners van die R5000 aangewys! Helderberg se inwonende hoof, Dr Robert Kotze, het in ʼn onderhoud die 2021 groep groot lof toegeswaai en aangedui dat hulle inderdaad ʼn

besondere knap en toegewyde mentorspan is. Helderberg se wenspan het  besluit om nie die wengeld tot hul eie voordeel aan te wend nie, maar om dit eerder aan te wend om hul mentorprogram te verbeter en om sodoende die 2021 eerstejaargroep beter te ondersteun. Wat 'n uitstekende inisiatief.  Welgedaan Helderberg!

Die drie pryswenners van die gelukkige trekking en die mentorspan van Helderberg verskyn in die meegaande foto saam met Prof Deresh Ramjugernath, Me Carla Kroon en Dr Alten du Plessis.



Agter van links na regs: Josh Niese, Marietjie Visser, Kudzie Muzofa, Me Carla Kroon en Dr Alten du Plessis

Middel van links na regs: Willem Viljoen, Lohan Visser, Scott Andersone, Wisa Solo, Ryleigh Adams, William Villet and Prof Deresh Ramjugernath

Voor van links na regs: Juan van der Westhuizen (Hoofmentor van Helderberg), Lincoln Mabelane, Lukhanyo Mgobozi (President van Helderberg), Rios Pillay, Aobakwe Ditlhokwa